# Die Welgelegener

## CHRISTUS IS DIE HERE

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou … Om so sy groot opdrag uit te leef.

Geroep Gewillig Gestuur AUGUSTUS 2023






# Gesellige dank-ete om Dankbaarheidsmaand af te sluit

Baie dankie aan almal wat bydraes gemaak het vir ons Dankbaarheidsmaand. Ons is nederig dankbaar vir elkeen se betrokkenheid en gewilligheid om saam 'n verskil te maak. Die bedrag van R524 220 is ontvang. Dankbaarheidsmaand is afgesluit met 'n heerlike kuier om die etenstafels na afloop van ons Dankdiens en Nagmaal en selfs die beurtkrag wat 14:00 ingeskop het, kon ons nie keer nie!

Dankie aan die organiseerders vir seepgladde reëlings, Valencia vir haar heerlike sop, almal wat slaaie gebring het, die braaiers, elkeen wat gehelp het met die regskuif van die tafels (voor en na die tyd) en natuurlik die vlytige skottelgoedwassers en afdrogers. En dankie aan elkeen wat kom saamkuier het – dit was voorwaar 'n heerlike langtafelkuier met plek vir oud, jonk, groot en klein!














# Lentefees is om die draai

## met potjiekos en allerlei heerlikhede!

Ons het al vanjaar 'n Roosterkoekfees gehou, op Vrydae kerrie & rys, peerterte, beefburgers, vetkoeke en 'n heerlike hoenderbraai-ete verkoop en nou kan ons uitsien na ons groot Lentefees & Potjiekos op Saterdag, 16 September.

Ons begin weer met die gebruiklike Lenteloop vroeg die oggend waarna verkope by die tafels open: koffie & koek, pannekoek, poeding, handwerk, wit olifante, jaffles, kerrie & rys, boereworsrolle, potjiekos, braaivleis, lekkergoed en koeldrank, speletjies vir die kinders, allerlei gebak en 'n propvol plaastafel met wors, groente, vrugte, blomme, heuning, olyfolie, neute, droëvrugte en konfyte. Bestudeer die meegaande pamflet met die lys van bestanddele en skenkings wat gevra word en kontak die konvenor van die tafel waar jy graag betrokke wil raak betyds sodat hulle ook hul beplanning vroegtydig kan doen.

Kom, raak betrokke, rol jou moue op en werk saam om weer 'n heerlike Lentefees hier by ons kerk te hou - vir oud en jonk! Nooi jou bure, vriende en familie en kom kuier saam!






## Lekker partytjie om 58 jaar te vier!

Ons het op Sondag 14 Mei heerlik saam partytjie gehou om ons gemeente se 58ste verjaarsdag te vier. Altesaam 22 gemeentelede word ook vanjaar 58 jaar oud saam met die gemeente! Ons is dankbaar vir God se sorg en vertrou steeds op Hom om ons te lei.

## Warmte teen die koue!

Met die reënweer, oorstromings en ysige koue hier op Stellenbosch in Junie, kon ons baie liters gevriesde sop, kindertruitjies en heelwat komberse deur middel van die Stellenbosch Voedingsaksie uitdeel. Sop en komberse is uitgedeel onder die gemeenskap van Claytown op die Bottelarypad en by Rampkamp naby Longlands. Kleiner kombersies en truitjies is uitgedeel by Ikhaya en Sizamele crèches in Khayamandi.



## Albert van Huis Horison word verras

Vroeër vanjaar het ons 'n behoeftelys van Huis Horison ontvang. Een van die behoeftes is dat hulle besig is om geld bymekaar te maak om vir Albert 'n nuwe paar tekkies te koop. Albert kom elke Maandag na ons gemeente toe om, saam met Andrew, die herwinningsmateriaal – papier, karton en glas – te kom haal. Na 'n vriendelike geselsie weet ons toe dat Albert 'n nommer 12-skoen dra. Noem hierdie inligting net aan die regte persoon en siedaar, 'n splinternuwe paar nommer 12-Hi-Tec-stapskoene om vir Albert te gee. Die verbasing, vreugde en glimlag op Albert se gesig was onbeskryflik. Daar en dan het hy die skoene aangepas, en sommer aangehou, want dit pas perfek! Op die foto is 'n ewe dankbaar-bly Andrew saam met Albert en sy nuwe skoene.



# *Donasies word uitgedeel* gedurende Mei & Junie

Met die koue winter vanjaar kon ons gemeente 'n daadwerklike verskil maak in baie mense se lewens deur al die donasies wat ons van gemeentelede ontvang het.

By **Jeuguitreik**, waar 20 kinders versorg word, is gebreide musse en serpe afgelaai, asook skryfbehoeftes, rugsakke en bordspeletjies om die kinders besig te hou. Verder het hulle 2 bokse met blikkieskos, pasta en ander nie-bederfbare voedsel ontvang.

Die **Nagskuiling** het warm klere, sokkies, skoene, 2 sakke komberse en handdoeke ontvang. Ons kon met lakens, kussings, komberse en 'n duvet verseker dat 'n **behoeftige student aan die Universiteit van Stellenbosch** lekker warm slaap gedurende die winter.

'n Bakkievrag met 'n bababedjie en -beddegoed en BAIE sakke met wintersklere, komberse, beddegoed en gebreide items is aan die **ACVV** geskenk. Die maatskaplike werkers by die ACVV kon uitdeel aan behoeftige mense in die Stellenbosch omgewing en die res is in Ampe Veniet verkoop, die winkel by die ACVV waar die fondse aangewend word ter stywing van projekte van die ACVV.

Twee pragtige sitkamerstoele is aan **Safehouse** geskenk, ook 15 gebreide waslappies en sepie-geskenkpakkies, skoene, serpe, toiletware en ander bruikbare en spesiale items vir die vroue en kinders in die tehuis. Hulle het ook pragtige kussings vir hul sitkamer ontvang en die mooiste truitjies en mussies vir die kinders tans daar.

Die **Hospice** by Stellenbosch Hospitaal, waar kankerpasiënte versorg word, was baie dankbaar vir die lakens, kussingslope en handdoeke wat hulle ontvang het. Ons kon deurlopend aartappels, uie, gevriesde sop en leë houers (vir opdien by hul 60 voedingspunte) aan **Voedingsaksie** skenk. Ons het ook met die hulp van Liezl Koen (bestuurder by Voedingsaksie) komberse, babakomberse en kindertruitjies by van hul voedingspunte uitgdeel. BAIE dankie aan almal wat gee!! Ons gemeente se donasies maak 'n groot verskil vir die organisasies wat werk met hulpbehoewende mense in ons omgewing.
















# Babaklere-projek *om Bless-a-Baby-sakke te vul*

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die inhoud om die 30 babasakke vol te maak! En baie dankie aan almal wat ons kreatiewe oggend in Julie bygewoon het en gehelp het om hierdie sakke te pak.

Ons het gebrei, gehekel en kaartjies is gemaak. Herta de Villiers het ook vir ons die basiese beginsels van blommerangskikking gedemonstreer en sommiges is verras met 'n klein geskenkie onder die sitplek! Die hoogtepunt was beslis toe Liza Joubert ons vermaak het met haar trekklavier. Dit het kompleet gevoel of ons iewers in Europa by 'n straatkafee kuier! Ernstige pogings is aangewend om fyn motoriese bewegings by Leon Cronje aan te wakker, maar ongelukkig sonder sukses - breipenne en sy vingers is nie maats nie.









# Sonderbriekers se
## uitstappie na Glenelly se glasmuseum

Ons 65-plussers het op 1 Junie 'n insiggewende en inspirerende uitstappie na Glenelly se glasmuseum gehad. Daarna het almal heerlik verder by die kerk gekuier en is die winterkoue verdryf met sop en broodjies. Daar was ook heerlike soetwyne om te proe soos Hanepoot, Rooi Jerepigo en Muskadel - ons het sommer ons eie Soetes en Sop gehou!



***100 vetkoeke per uur! Dit is hoe vinnig hierdie span vroue gewerk het om al die vetkoekbestellings vir ons Vrydag-verkope in Julie gereed te kon hê! Ons het altesaam 35 kg deeg in 315 vetkoeke in net onder die 3 ure omgetower! Dankie aan almal wat ons Vrydagmiddagete-verkope so getrou ondersteun het. En 'n reusagtige dankie aan ons flukse vetkoek-bakkers wat die warm olie en lang staan met 'n glimlag trotseer het!***





*Belia, 'n nie-gemeentelid van Somerset-Wes, stuur baie gereeld die mooiste gebreide truie via 'n gemeentelid na die kerkkantoor. Haar opdrag is elke keer: deel asb uit! Onlangs het 'n familielid haar breiwerk gesien voordat sy dit vir ons kon stuur. Dié familielid wou graag een van die truitjies vir haar kleindogter koop. Belia het geantwoord dat die truitjies nie te koop is vir mense wat dit kan bekostig nie, maar spesiaal gebrei is vir kindertjies wat sy nie ken nie, dalk nooit sal sien nie en wie se ouers nie 'n truitjie kan bekostig nie...*
*Sjoe, dís beslis onvoorwaardelike liefde en deernis – diepe medelye met iemand wat jy glad nie ken nie, maar wat jou handewerk baie nodig het! Baie dankie aan al die Belia-breiers in ons gemeente – mense wat brei sonder om voorwaardes te stel, maar met 'n diepe medelye met kindertjies wat koud kry! Op die foto is 'n paar kindertjies by Akkerland Crèche in Jonkershoek wat spog met hul lekker warm truitjies.*

# Bedrewe breiers inspireer
## leke-breiers van die kerkkantoor



In ons gemeente is baie gemeentelede wat die mooiste truitjies, musse en babasokkies brei en na die kerkkantoor bring om in behoeftige gemeenskappe uitgedeel te word. Tydens die Covid-pandemie het die dames in die kerkkantoor inspirasie gekry om ook die breipenne op te tel. Die probleem was dat 'n leek nie 'n breipatroon kan lees nie, maar ons weet van “gewone steek” (regs) brei! 'n Serp het dus na die maklikste opsie geklink.

Daar was heelwat wol in die kerkkantoor se wolkas wat moeiliker en stadiger brei – wol met knoppies, knopies, verskillende diktes en fraiings - daarom verkies bedrewe breiers om NIE daarmee te brei nie. Vir 'n leek is dit egter geen probleem nie, want spoed is nog nie deel van breiwerk nie! En daardie wol is perfek vir serpe! Nadat serpe bemeester is, het musse gevolg.

Hierdie jaar is die breiery egter na 'n volgende vlak geneem en is ’n kombers aangepak en die gelukkige eienaar was op die ou end Francina Claassens, 'n doofstom vroutjie wat baie lank in die Nagskuiling gebly het en nou ’n inwoner by Huis Ebenhaeser in Cloetesville is. Dit bly 'n baie groot voorreg om te kan gee. Baie dankie aan ALLE breiers vir jul tyd, moeite, inspirasie en omgee sodat ons steeds kan gee en selfs brei-”leke” gemotiveerd kan bly om aan te hou brei!



## Kombersies al die pad van Gauteng!

*Waar 'n wil (om te hekel en by te dra) is, is 'n weg! René Hodgson, ‘n getroue vriendin van ons gemeente, het te hore gekom van ons neonatale babasak-projek en dat ons 30 gebreide of gehekelde kombersies benodig. Sy het haar skoonmoeder en skoonsus in Gauteng positief opgesweep en al drie het begin hekel. Op 23 Junie is 12 pragtige, gehekelde kombersies by die kerkkantoor afgelewer – gereed om in die sakke verpak te word. 'n Spesiale dank vir hierdie ingevoerde kombersies en ook aan John, René se man, wat die kombersies as deel van sy handbagasie op die vliegtuig moes hanteer!*

# Bybelfokus:
## neem deel aan die gesprekke




Aan die einde van verlede jaar het Louis Jonker vir ons gehelp om die Bybel gelowig en denkend te lees met die aanbieding van *Die Bybel in Fokus*. Hierdie jaar bou ons daarop voort deur elke kwartaal 'n Bybelboek in fokus te plaas en te kyk na die wêreld voor en agter die teks, asook die eerste lesers van die boek en hoe die boek deur die eeue gelees en verstaan is.

Ons nooi jou uit om te kom deelneem aan die gesprek. Gedurende die eerste kwartaal het ons die Bybelboek Matteus in diepte bespreek en die tweede kwartaal het ons die Psalms getakel. Vir die derde kwartaal is jy baie welkom om die gesprekke oor die boek Romeine by te woon. **Die datums is: 2 en 23 Augustus en 6 en 20 September (Woensdagaande om 18:30 in die konsistorie).**

## Dra swart op 'n Donderdag

Gendergebaseerde geweld is wêreldwyd 'n tragiese realiteit - een wat Suid-Afrika beslis nie ontsnap het nie. **#ThursdaysinBlack** is 'n internasionale beweging van solidariteit, wat in die 1970's tot stand gekom het, teen alle vorme van geslagsgebaseerde geweld. Dit word onder andere deur die Wêreldraad van Kerke (asook die NG Kerk in Suid-Afrika) ondersteun. Die veldtog word gekenmerk deur die versoek dat ondersteuners op Donderdae swart dra of 'n aansteekknopie gebruik.

## 2023 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **27 Augustus** | Nagmaal & Barmhartigheidsondag |
| **16 September** | Lentefees & Potjiekos |
| **24 September** | Erfenisdag |
| **25 September** | Erfenisdag gevier |
| **29 September** | Lesotho-uitreik vertrek (tot 8 Oktober) |
| **3 Oktober** | Weskaapse Bloedskenkkliniek |
| **15 Oktober** | Matrieksondag |
| **29 Oktober** | Hervormingsfees & Nagmaal |
| **29 Oktober** | Bybelnagte |
| **5 November** | Tienerkerkafsluiting |
| **12 November** | Gr 7-Sondag |
| **12 November** | Bekertjie– en Sakkiesondag |
| **22 November** | Geloofsgroei afsluiting |
| **26 November** | Sondag van Christus die Koning |
| **29 November** | Kersprojekverpakking |
| **3 Desember** | Kerssangdiens & Gemeente-ete-afsluiting |
| **4 Desember** | Kersete vir Stellenbosch Nagskuiling |
| **10 Desember** | Laaste diens by Bonheur vir die jaar |
| **12 Desember** | Biduur by La Clémence (afsluiting) |
| **12 Desember** | Weskaapse Bloedskenkkliniek |
| **13 Desember** | Skole sluit |
| **15 Desember** | Kerkkantoor sluit |
| **16 Desember** | Versoeningsdag |
| **25 Desember** | Kersdag |
| **26 Desember** | Welwillendheidsdag |

NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Buitekring 6
Dalsig
Stellenbosch, 7600
**Tel:** 021 886 5975
**E-pos:** skriba@stelwel.co.za
**Webwerf:** www.stelwel.co.za

Snap here to pay

**BANKBESONDERHEDE**
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Stellenbosch
Takkode: 198 765 / 149 821
Rekeningnommer: 149 804 6320
Verwysing: Naam, Van & Waarvoor
Snapscan-betalings ook welkom!